

MONNIE GONS

Uitgawe 36 van 2023 |

Tydperk: 26 Oktober - 1 November



Uit die
Kultuur
kantoor

INLIGTING

ERKENNING

Die tyd het aangebreek om vir ons kinders wat gepronk het in kultuur erkenning te gee by die skool se meriete aand.

AANSOEK VIR 2023 KULTUUR TOEKENNINGS

Doen asseblief hier aansoek vir die 2023 Kultuur Toekennings:

Drama Aansoek: <https://dl.d6.co.za/attachments/652e7717a8a6b/2023aansoekdrama.pdf>

Musiek Aansoek: <https://dl.d6.co.za/attachments/652e77193b1f5/2023aansoekmusiek.pdf>

Redenaars Aansoek: <https://dl.d6.co.za/attachments/652e771b010bf/2023aansoekRedenaars.pdf>

Sang Aansoek: <https://dl.d6.co.za/attachments/652e771c82657/2023aansoeksang.pdf>

Veelsydige Aansoek: <https://dl.d6.co.za/attachments/652e7720561d2/2023aansoekveelsydig.pdf>

Spesiale Toekennings Aansoek:

<https://dl.d6.co.za/attachments/652e771e207de/2023aansoekSpesialeToekennings.pdf>

Vir meer inligting, lees asseblief die Kultuurtoekenningsbrief hier:

<https://dl.d6.co.za/attachments/652e7721c1d97/Kultuurtoekennings2023brief.pdf>

Die aansoeke tot meriete erkenning is op d6 geplaas en kan ingehandig word by Sinomi in die kantoor.

REDENAARS

ATKV 2024 SE TEMAS IS BEKEND!

Ons is baie opgewonde oor ons 2024 redenaars seisoen, ATKV het reeds tema's bekend gemaak vir ons redenaars om te begin voorberei. Daar sal in Januarie 'n kursus by die skool aangebied word oor die skryf en aanbied van redenaars toesprake. Toesprake kan ook solank bestel word op verskeie platforms.

Hier volg 'n paar skrywers wat gebruik kan word:

Tong-in-die-kies Redenaars – Debbie 0795293778

Redenaars - info@redenaars.co.za <http://www.redenaars.co.za>

Raakpraat redenaars (sluit stemopname en pdf van kaartjies reg om te druk in): <https://www.raakpraat.com>





JUNIORKOOR

Ons Juniorkoor neem deel aan die Artistatue finaal op Saterdag, 28 Oktober om 11:00 by Bryanston Parallel Medium, Sloane straat, Bryanston, Johannesburg.

Kaartjies is beskikbaar by Artistatue self, kaartjievorm en besonderhede reeds op WhatsApp groep en d6. Koste beloop R150 per persoon.

- Lede moet om 09:00 by Bryanston wees. Bus vertrek om 08:15 van Laerskool Monumentpark. Voltooi asb die toestemmingsskakel: <https://forms.gle/jJVD6AqfBtoPjmqh9>. Geen leerder sal op die bus toegelaat word sonder toestemming nie.
- Vertoning begin 11:00, en ons sal teen 13:30 klaar wees. Busse sal ongeveer 14:00 terug wees by Laerskool Monumentpark.
- Kleredrag:
 1. Seuns: Swart langbroek met swart kouse en skoolskoene. Wit langmoueskoolhemp met kraag, kruisbande en strikdas.
 2. Dogters: Koorrokke, met swart tights en swart pumps. Hare: een lae bolla.
- Leerders moet voor vertrek 'n goeie ontbyt nuttig, pak ook middagete in vir die rit terug. Onthou genoeg water.
- Hierdie is ons laaste kompetisie vir die jaar. Slegs met almal se teenwoordigheid kan ons Monnies presteer.

Die Maatjies wat deur is na die volgende rondte oudisies se ouers sal voor Vrydag in kennis gestel word. Die volgende rondte oudisies sal Maandag, 30 Oktober 12:45 - 13:30 in die saal plaasvind. Na afloop van hierdie oudisie sal maatjies wat gekies is vir 2024 se Juniorkoor 'n brief ontvang.



SENIORKOOR

Oudisies 2024

Alle nuwe graad 3 tot 6 leerders wat die oudisie geslaag het, het reeds briewe ontvang. Bevestig asseblief deelname vir 2024. Leerders wat reeds deel was van 2023 se Seniorkoor ontvang nie briewe nie, bevestig net weer deelname deur die skakel in te vul: <https://forms.gle/18Vr5JMhF6pfMq4X8>. Daar is ook 'n lys op d6 geplaas met 2024 se seniorkoor name.

Koor van 2024

Op Dinsdag, 31 Oktober wil ons graag al die koorlede van 2024 nooi vir jul eerste oefening. Na afloop daarvan is 'n inligtingsessie om 18:00 in die saal vir ouers van alle koorlede vir 2024.

Artistatue Finaal - 28 Oktober

Monnies neem op Saterdag, 28 Oktober deel aan die finaal, busvervoer sal gereël word, hou kommunikasie dop vir busskakel.

Kaartjies word direk by Artistatue aangekoop, die vorm met besonderhede is op die WhatsApp groep gedeel en is beskikbaar op d6. Koste beloop : R150.00 per persoon.



Die Monjefiekfees is volstroom aan die gang, hou volgende week se gons dop vir uitslae en fotos.

OEFENTYE & KWARTAAL PROGRAMME

JUNIORKOOR

Oefentye	
Maandae	12:45 - 13:45
Vrydae	12:45 - 13:45

Optredes		
28 Oktober	Atristatue Finaal	

SENIORKOOR

Oefentye	
Maandae	14:30 - 16:30

Optredes		
28 Oktober	Atristatue Finaal	

* Hou kommunikasie kanale dop vir finale reëlings!

Kunswedstryd uitslae

AKV spesiale toekennings

Charles Stevens (klawerbord)

ontvang 'n trofee vir

Klawerbord: Beste Prestasie Junior



Miana Riekert (blokfluit)

ontvang 'n trofee vir

Beste Beginner 8 jaar en onder



Adiya Neveling (blokfluit)

ontvang 'n trofee vir

Beste Uitvoering: Studie Junior



Simoné en Madeleine de Villiers

ontvang trofee vir

Beste Blokfluit Ensemble en
Beste Junior Ensemble



Simoné de Villiers (blokfluit) ontvang trofee vir :

Beste Uitvoerprogram: Junior

Beste Uitvoering: 20/21 ste Eeu Junior

Algehele Wenner Blokfluit



AINE (Arts Inc National Eisteddfod)

Veels geluk aan die volgende leerling met haar deelname en pragtige prestasie by AINE.

Elri Bannister

Klawerbord – ligtemusiek - A++

